Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

[redacted]

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2010

# REKENAARSTOEPASSINGSTEGNOLOGIE – VRAESTEL 2

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

Kies die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf slegs die letter van die antwoord langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld: 1.11 E.

1.1 ŉ Interaktiewe dialoog wat jou help om ŉ taak uit te voer deur jou vrae te vra en dan die taak uit te voer op grond van jou antwoorde word ŉ … genoem.

A Tutoriaal
B Hiperskakel
C *Wizard*
D *FAQ* (1)

1.2 ŉ Term wat gebruik word om die skryf van data na ŉ CD of DVD te beskryf, word ... genoem.

A defragmenteer
B kopieer
C skandeer
D brand (1)

1.3 Watter EEN van die volgende pas nie logies by die ander nie?

A Google
B Wikipedia
C MWEB
D Aardvark (1)

1.4 Watter EEN van die volgende kan nie as ŉ stoorapparaat geklassifiseer word nie?

A Geheuestokkie
B Geheuekaart
C SVE (CPU)
D Hardeskyf (1)

1.5 Watter EEN van die volgende is die korrekte soekstring om al die *Word* lêers te vind?

A ?.doc
B *.*
C ??????.dot
D *.doc (1)

1.6 Watter EEN van die volgende programme sou jy gebruik om ŉ lêer met ŉ pdf uitbreiding oop te maak?

A Delphi
B Pastel
C Adobe Reader
D Microsoft Access (1)

1.7 Watter EEN van die volgende is ŉ rekenaar wat gewoonlik verkoop word met ŉ spesiale pen om op die skerm mee te skryf?

A Skootrekenaar
B *Tablet PC*
C *Embedded* Rekenaar
D Notaboek (1)

1.8 Watter EEN van die volgende kan gebruik word om rekenaars in ŉ netwerk te koppel?

A *Switch*
B Werkstasie
C Bediener
D SVE (CPU) (1)

1.9 Die mees toepaslike tipe grafiek om die neiging van die prys van petrol oor ŉ spesifieke periode aan te toon is ŉ ...

A balkgrafiek.
B lyngrafiek.
C kolomgrafiek.
D sirkelgrafiek. (1)

1.10 Die kortpadsleutel om ŉ bladsybreuk in te voeg is ...

A Ctrl + Enter.
B Shift + B.
C Shift + Enter.
D Ctrl + End. (1)

**[10]**

**VRAAG 2**

Pas die geskikste term/konsep uit KOLOM B by elk van die beskrywings in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van die jou keuse neer, byvoorbeeld: 2.11 P.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Stel ’n verkorte, konteks-sensitiewe kieslys in werking. | A | Cookies |
| 2.2 | ’n Kriminele proses waardeur gepoog word om persoonlike besonderhede soos wagwoorde te verkry, deur ’n betroubare entiteit na te boots. | B | Facebook |
| 2.3 | ’n Klein tekslêer wat deur ’n webtuiste geskep word en op jou rekenaar se hardeskyf gestoor word vir toekomstige gebruik deur die webtuiste. | C | #VALUE! |
| 2.4 | ’n Patroon wat gebruik kan word om dokumente te ontwerp bv. faksvorms. | D | Rekord |
| 2.5 | ’n Voorbeeld van ’n sosiale netwerktuiste. | E | Dubbel klik (Double click) |
| 2.6 | ’n E-pos adres van iemand wat in Amerika woon. | F | Rugsteun (Backup) |
| 2.7 | Onderstreepte teks op ’n webblad wat jou herlei na ’n ander webblad of bron. | G | Templaat |
| 2.8 | ’n Foutboodskap in Excel wat aandui dat ’n formule verwys na ’n sel waar die data tipe nie in ’n verwerking gebruik kan word nie. | H | heinie@america.co.za |
| 2.9 | ’n Versameling van velde in Access wat al die besonderhede van ’n spesifieke persoon bevat. | I | Defragmenteer |
| 2.10 | ’n Kopie van ’n lêer wat op ’n ander plek gestoor word. | J | Hiperskakel |
| | | K | Tabel |
| | | L | #REF! |
| | | M | *Phishing* |
| | | N | Stoor |
| | | O | Amazon |
| | | P | Regsklik |
| | | Q | *ISP* |
| | | R | heinie@compu.co.us |

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

## SCENARIO

Ouers van die skool het by die skoolhoof gekla dat hulle dit moeilik vind om die vereiste skool- en sportdrag by plaaslike verskaffers aan te koop aangesien die verskaffers nie oor die nodige voorraad beskik tydens besige tye nie. Pryse is ook onnodig hoog. Die Beheerliggaam van die skool het dus besluit om die Ouer-onderwyser Vereniging van die skool te nader om 'n klerewinkel, Dress4Less, te open. Die winkel sal gedurende pouses en in die middae oop wees vir besigheid.

Die OOV het 'n rekenaar aangevra om hulle te help met die administratiewe werk van Dress4Less. Die Beheerliggaam het besluit om hulle toe te laat om een van die rekenaars te gebruik wat deur leerders in die RTT klas gebruik was. Geeneen van die betrokke ouers beskik oor die nodige kennis van rekenaars nie en daarom het hulle hulp nodig. Jou ma is 'n lid van die OOV en het jou dienste aangebied met die administratiewe werk, aangesien jy RTT neem. Jy sal die volgende moet doen:

- raad gee oor die opstel van die nodige rekenaar hardeware asook die kies van geskikte sagteware om te gebruik,
- raad gee oor hoe netwerke en Internettoegang hulle taak baie makliker kan maak, en
- ondersteuning gee betreffende algemene rekenaaraangeleenthede.

## VRAAG 3

Na die bestudering van die kwotasies wat jy van verskeie verskaffers verkry het, besluit die Beheerliggaam om 'n addisionele lessenaarrekenaar met die volgende spesifikasies aan te koop:

Intel® Core 2 Duo P7350 verwerker 2.00 GHz
1 GB DDR2-667 184 pin RAM
160 GB SATA II 7200 rpm hardeskyf
Super *multi* DVD Skrywer
15.6" WXGA *DiamondView display*
ATI HD3430 *Graphics* met 256MB *dedicated* video RAM
Geïntegreerde *webcam*
Geheuekaart en Bluetooth
Koordlose sleutelbord en muis

Windows 2007

1 Jaar kollekteer, herstel- en terugneem waarborg

Mnr. Smith, die bestuurder van die winkel, nader jou om 'n paar van die hardeware spesifikasies aan hom te verduidelik:

3.1 Die volgende spesifikasies word aangedui betreffende die geheue en stoorkapasiteit van die rekenaar:

*1 GB DDR2-667 184 pin RAM*

*160 GB SATA II 7200 rpm hardeskyf*

Kopieer die volgende tabel in jou antwoordeboek en voltooi dit deur die stoorkapasiteit en kapasiteit van die geheue te verskaf asook deur te onderskei tussen die twee begrippe. (4)

| | GEHEUE | STOOR |
|---|---|---|
| Kapasiteit | | |
| Verskil | | |

3.2. Daar word verwys na 'n koordlose sleutelbord en muis.

3.2.1 Noem TWEE metodes wat algemeen gebruik word om toestelle koordloos te koppel. (2)

3.2.2 Vergelyk die twee metodes met betrekking tot:

- Reikafstand, en
- Lyn van sig (4)

3.2.3 Noem EEN voordeel en EEN nadeel van koordlose konneksies. (2)

3.3 Mnr. Smith wil weet waarom daar glad nie melding gemaak word van 'n stiffie aandrywer nie.

3.3.1 Verskaf TWEE redes waarom stiffies vervang is met ander draagbare stoortoestelle. (2)

3.3.2 Sal 'n CD in die bogenoemde rekenaar gebruik kan word, indien die spesifikasies in ag geneem word? Motiveer jou antwoord. (1)

3.3.3 Gee EEN belangrike verskil tussen 'n DVD en 'n CD. (1)

3.4 Dress4Less sal 'n drukker ook nodig kry. Hulle kan nie besluit of hulle 'n laser of 'n inkspuitdrukker moet koop nie.

3.4.1 Vergelyk inkspuit- en laser drukkers in terme van aankoopkoste en gebruikskoste. (2)

3.4.2 Noem EEN scenario waar 'n laserdrukker meer gepas sal wees om te gebruik in Dress4Less. (1)

3.4.3 Noem EEN scenario waar 'n inkspuitdrukker meer gepas sal wees om te gebruik in Dress4Less. (1)

3.5 Tydens die bespreking oor die sagteware wat Dress4Less benodig, noem jy dat die skool reeds ŉ kopie van Microsoft Office het en dat dit dus op hierdie rekenaar ook gelaai kan word afhangende van die tipe lisensie-ooreenkoms wat die skool het.

3.5.1 Mnr. Smith wil weet waarom dit van die lisensie-ooreenkoms afhang, aangesien die program aan die skool behoort omdat hulle dit aangekoop het. Verduidelik dit aan hom. (1)

3.5.2 Watter tipe lisensie-ooreenkoms moet die skool hê om dit op die nuwe rekenaar ook te kan laai? (1)

3.6 Afgesien van die Stelselsagteware en Toepassingsagteware wat hulle benodig, het Mnr. Smith gehoor dat ŉ vriend ook verwys na nutsprogramme (utility software).

Verduidelik aan hom wat nutsprogramme is en noem een voorbeeld van ŉ nutsprogram. (2)

3.7 Mnr. Smith het ŉ rekenaar sonder sagteware vir sy seun gekoop. Toe hy by jou kla oor die hoë prys van sagteware, noem jy aan hom die opsie om Oopbron Sagteware of *Shareware* as alternatief te gebruik.

3.7.1 Onderskei tussen Oopbron Sagteware en *Shareware*. (2)

3.7.2 Noem TWEE nadele verbonde aan die gebruik van *Shareware*. (2)

3.7.3 Noem EEN voorbeeld van ŉ Oopbron Sagteware (Open Source) bedryfstelsel en EEN voorbeeld van Oopbron Sagteware (Open Source) toepassingssagteware. (2)

3.8 Mnr. Smith merk op dat sekere stelselvereistes gelys word op die verpakking van die sagteware program wat hy vir sy seun gekoop het.

Noem TWEE voorbeelde van hierdie stelselvereistes. (2)

**[32 ]**

## VRAAG 4

As gevolg van die baie voordele verbonde aan die gebruik van Internet (bv. Internet bankdienste, kommunikasie met vervaardigers en kliënte, aankoop/bestel van voorraad, ens.) het die OOV besluit om toegang tot die Internet te bekom.

Hulle het egter ŉ beperkte kennis van rekenaars en jy het dus heelwat verduideliking en onderrig om te doen.

4.1 Mnr. Smith was baie verward toe jy hom reghelp, nadat hy na Internet Explorer en Google verwys asof dit slegs twee name vir dieselfde ding is!

Verduidelik aan hom die verskil tussen ŉ webblaaier en ŉ soekenjin. (2)

4.2 Mnr. Smith se seun James, is besig met ŉ projek oor reptiele vir die vak Lewenswetenskappe en hy het ŉ week gelede baie interessante inligting op ŉ webtuiste gevind. Hy wil graag weer die webtuiste besoek, maar kan nie die webadres onthou nie. Hy vra of jy hom nie kan help nie.

4.2.1 Verduidelik aan hom hoe hy ŉ webtuiste wat hy voorheen besoek het, weer kan besoek, sonder om van voor af te soek daarvoor. (1)

4.2.2 Noem EEN manier (behalwe die een genoem in VRAAG 4.2.1) waarop hy in die toekoms vinniger toegang tot ŉ webtuiste kan verkry sonder om die webadres in te tik. (1)


4.3 Mnr. Smith het die "Refresh" knoppie op die Internet gereedskapslys ontdek. Jy verduidelik aan hom dat hierdie knoppie die huidige webblad wat besoek word, sal herlaai.

Verduidelik aan hom waarom dit nodig mag wees om ŉ webblad te herlaai. (2)

4.4 Tot nou toe het Dress4Less briewe, fakse en telefoonoproepe gebruik om te kommunikeer. Jy beveel aan dat hulle van e-pos gebruik maak aangesien hulle nou aan die Internet gekoppel is.

Noem DRIE voordele van e-pos in vergelyking met konvensionele pos om hulle te probeer oortuig. (3)

4.5 Mnr. Smith is nie bekend met die gebruik van e-pos nie en het enkele vrae aangaande die e-pos venster:




4.5.1 Wat is die funksie van die skuifspeld ikoon langs die "send" ikoon? (2)

4.5.2 Wat word by die *Cc* veld van die e-pos venster ingevul? (1)

4.5.3 Hy merk ook op dat daar 'n keuse is tussen *Plain Text* en *Rich Text*. Verduidelik die verskil tussen hierdie twee keuses. (2)

4.6 Mnr. Smith het sy hele boodskap aan 'n verskaffer in hoofletters getik. Jy verduidelik aan hom dat dit nie goeie netiket is nie.

4.6.1 Verduidelik die term *netiket*. (1)

4.6.2 Wat is die netiketreël in verband met aanhegsels en waarom? (2)

4.7 Die e-posadres van een van die verskaffers is jnel@gmail.com.

4.7.1 Watter tipe e-pos is 'n *gmail* posbus? (1)

4.7.2 Noem TWEE voordele verbonde aan die gebruik van hierdie tipe e-pos (genoem in VRAAG 4.7.1). (2)

4.8 Behalwe vir die gebruik van e-pos, was Internet bankdienste die vernaamste rede waarom Dress4Less besluit het om Internet toegang te verkry.

Noem TWEE voordele verbonde aan die gebruik van Internet bankdienste. (2)

4.9 Mnr. Smith was baie geskok toe hy 'n e-posboodskap van die bank ontvang waarin hulle hom waarsku teen *phishing*.

4.9.1 Verduidelik aan hom wat *phishing* is deur 'n praktiese voorbeeld te verskaf. (2)

4.9.2 Noem TWEE veiligheidsmaatreëls wat banke in plek het om hulle kliënte te beskerm wanneer hulle gebruik maak van Internet bankdienste. (2)

4.10 Terwyl hy op die Internet besig is, het Mnr. Smith sekere besigheidswebtuistes ontdek wat ŉ paar items aanbied wat hy graag sou wou koop. Hy is egter huiwerig om dit te doen en vra jou raad.

Noem DRIE wenke vir veilige aanlynaankope. (3)

4.11 Mnr. Smith het al baie gehoor van die gevare verbonde aan kletskamers op die Internet, en hy is bekommerd oor sy seun wat hierdie kletskamers besoek.

Noem TWEE wenke vir veilige gebruik van kletskamers. (2)
**[31]**

**VRAAG 5**

Mnr. Smith kla dat hulle baie sukkel om lêers te vind wat hulle gestoor het en vra jou hulp om hierdie lêers te vind.

5.1 Toe jy *My Documents* oopmaak vind jy dat hulle geen sisteem het waarvolgens hulle hul lêers organiseer nie. Daar is ook baie lêers op hulle hardeskyf wat hulle nie meer nodig het nie.

5.1.1 Toe jy aan hulle noem dat hulle hul lêers in lêergidse moet stoor, kom jy agter dat hulle nie weet wat die verskil tussen ŉ lêer en ŉ lêergids is nie.

Verduidelik die verskil tussen ŉ LÊER en ŉ LÊERGIDS. (2)

5.1.2 Noem TWEE take (anders as die waarna in VRAAG 5.1.1 verwys word) wat gedoen moet word om te verseker dat rekenaars effektief funksioneer. (2)

5.1.3 Hulle kla ook dat daar baie min spasie op hulle hardeskyf oor is. Jy raai hulle aan om alle lêers wat nie meer nodig is nie, af te vee. Nadat hulle dit gedoen het was daar steeds nie ŉ merkbare hoeveelheid addisionele spasie op die hardeskyf beskikbaar nie.

Verduidelik waarom dit die geval is. (1)

5.1.4 Verduidelik hoe hulle die spasie wat deur hierdie onnodige lêers opgeneem is, weer kan herwin. (1)

5.2 Mnr. Smith wil ŉ program afvee wat hy nie meer gebruik nie. Hy is ŉ bietjie senuweeagtig aangesien hy dit nog nooit van tevore gedoen het nie.

Noem TWEE maniere waarop ŉ program wat in onbruik is, verwyder kan word. (2)

5.3 Dress4Less ondervind die afgelope tyd ŉ paar probleme met hulle rekenaar aangesien dit stadiger hardloop as gewoonlik. Jy vermoed dat die hardeskyf gefragmenteer is.

5.3.1 Verduidelik wat bedoel word met ŉ gefragmenteerde hardeskyf. (2)

5.3.2 Hoe kan die *defrag* nutsprogram help om bogenoemde probleem op te los? (1)

5.3.3 Is dit nodig om CDs en geheuestokkies te defragmenteer? Motiveer jou antwoord. (2)

5.3.4 Die hardeskyf van die rekenaar is baie vol. Jy raai hulle aan om die *Disk Cleanup* program te gebruik om nog spasie op die hardeskyf beskikbaar te maak.

Watter lêers sal deur hierdie program afgevee word? Noem TWEE. (2)

5.4 Een van die verskaffers van Dress4Less gebruik ŉ PDA en dit het Mnr. Smith baie beïndruk. Hy vra jou ŉ paar vrae nadat die verskaffer vertrek het.

5.4.1 Wat presies is ŉ PDA? (2)

5.4.2 Noem DRIE dinge wat ŉ PDA kan doen. (3)

5.5 Nadat hy ŉ winkel besoek het, het Mnr. Smith besluit om ŉ smartphone in plaas van ŉ PDA te koop.

Gee EEN moontlike rede vir hierdie besluit. (1)

5.6 Die kasregister operateur van Dress4Less vra Mnr. Smith om ŉ strepieskode aftaster (barcode scanner) te koop.

Verduidelik TWEE moontlike voordele vir die besigheid, indien hierdie toestel aangekoop word. (2)

**[23]**

## VRAAG 6

Die Dress4Less besigheid was ŉ reuse sukses. Die Beheerliggaam het besluit om die besigheid uit te brei om ook handboeke en skryfbehoeftes te verkoop. Twee addisionele rekenaars moet dus aangekoop word om die bykomende administratiewe werk te behartig.

Jy beveel aan dat hulle ŉ LAN installeer. Mnr. Smith en die werkers was egter ŉ bietjie huiwerig as gevolg van hulle gebrek aan kennis oor netwerke.

6.1 Verduidelik wat ŉ netwerk is. (3)

6.2 Oortuig hulle om ŉ netwerk te installeer deur TWEE voordele van ŉ LAN te noem. (2)

6.3 Noem EEN praktiese voorbeeld van ŉ WAN. (1)

6.4 Indien die spesifikasies van die rekenaar soos in VRAAG 3 genoem in ag geneem word, noem nog DRIE addisionele items wat aangekoop moet word om die netwerk te installeer sodat dit korrek funksioneer. (3)

6.5 Nadat hy ŉ artikel in ŉ rekenaartydskryf gelees het, is Mnr. Smith baie bekommerd oor die moontlikheid dat die rekenaars in die winkel deur ŉ rekenaarvirus besmet kan word.

6.5.1 Verduidelik wat ŉ rekenaarvirus is. (2)

6.5.2 Noem DRIE simptome wat moontlik ŉ aanduiding is dat jou rekenaar ŉ virus het.

6.5.3 Een manier om jou rekenaar teen virusse te beskerm, is om anti-virus sagteware te installeer. Dress4Less het dit wel gedoen twee jaar gelede toe hulle die winkel oopgemaak het.

Sal dit voldoende wees om die rekenaar teen virusse te beskerm? Lewer kritiese kommentaar. (2)

6.6 Die voordele verbonde aan ŉ konneksie tot die Internet kan negeer word deur verskeie gevare. Behalwe die installering van anti-virus sagteware is daar ook ŉ aantal ander voorsorgmaatreëls wat ŉ mens kan neem om jou teen rekenaarvirusse te beskerm.


Noem VIER van hierdie voorsorgmaatreëls in vol sinne. (4)

**[20]**

## VRAAG 7

Die personeel van Dress4Less benodig jou hulp met sekere probleme rakende sagteware.

7.1 Die volgende vreemde karakters het op die skerm verskyn terwyl jou ma besig was om die nuwe pryslys te tik. Sy was geskok omdat sy gedink het die rekenaar is met 'n virus besmet!




Jy verseker haar dat dit nie 'n virus is nie, maar dat die *Show/Hide* ikoon aangeskakel is. Verduidelik aan haar die funksie van die *show/hide* ikoon. (1)

7.2 Mnr. Smith het 'n jaarverslag van omtrent 10 bladsye voorberei vir die Beheerliggaam. Net voordat hy dit wou druk, besluit hy dat hy die woord 'wins' in vetdruk wil laat verskyn regdeur die dokument.

Verduidelik aan hom hoe hy dit kan doen sonder om deur die hele dokument te werk. (1)


7.3 Die bogenoemde verslag was getik in 'n woordverwerkingsprogram en die bladsy oriëntasie was op portret gestel. Die verslag bevat egter 'n tabel wat te wyd is om op 'n portretbladsy te pas. Verduidelik hoe hy te werk kan gaan om die oriëntasie van slegs daardie een bladsy op landskap te stel. (1)

7.4 Jou ma werk met 'n tabel. Sy werk in twee kolomme. Elke keer as sy die *tab* toets druk, beweeg die *cursor* na die volgende kolom van die tabel.

Gee aan haar raad oor hoe om *tabs* in 'n tabel te gebruik. (1)

7.5 Mnr. Smith was besig om sy verslag te formateer toe hy die opsie *'hanging indent'* ontdek. Verduidelik aan hom wat dit beteken. (1)

7.6 Een van die werkers het 'n brosjure gemaak van al die skool- en sportklere wat in voorraad is vir die nuwe jaar. Toe sy uit die program wou uitgaan, het die volgende boodskap op die skerm verskyn:




7.6.1 Wat is die *clipboard* waarna verwys word? (1)

7.6.2 Waarom het hierdie boodskap verskyn? (1)

7.7 Mnr. Smith is nie vertroud met MS Excel nie, daarom het hy die finansiële state in 'n tabel in Ms Word gedoen. Oortuig hom om dit in MS Excel te doen deur ten minste TWEE redes te verskaf waarom dit beter sou wees as in MS Word. (2)

7.8 Mnr. Smith wil graag weet of dit enige verskil sou maak indien jy gebruik maak van seladresse of die werklike waardes van 'n sel wanneer jy formules in Excel intik. (bv. =35 + 45 + 50 in plaas van =A3+A4+A5).

Verduidelik aan hom waarom dit beter is om gebruik te maak van seladresse. (1)

7.9 Jy het die sigblad, wat jy vir die finansiële verslag voorberei het, met Mnr. Smith bespreek. Die volgende formule het sy aandag getrek: C4*$A$2. Die dollartekens was vir hom vreemd en hy het jou gevra om dit aan hom te verduidelik.

7.9.1 Wat word hierdie tipe selverwysing genoem? (1)

7.9.2 Waarom word dit gebruik? (1)

7.10 Mnr. Smith sukkel om sy sigblad op een bladsy in te pas.

Behalwe vir die *scaling* opsie, noem TWEE ander metodes wat jy kan gebruik om 'n sigblad op een bladsy in te pas. (2)

7.11 Mnr. Smith het besluit om jou raad te volg en al die besonderhede van sy verskaffers in 'n databasis te stoor. Hy stuur die volgende lys van velde met datatipes vir jou om te kontroleer voordat hy die databasis skep.

| **Veldnaam** | **Beskrywing** | **Datatipe** |
|---|---|---|
| Naam van firma | Naam van firma | *Text* |
| Adres | Straat Nr., Dorp en poskode | *Text* |
| Kontakpersoon | Naam van kontakpersoon in firma | *Text* |
| Selfoon nr. | Selfoon nr. van kontakpersoon | *Number* |
| Item | Beskrywing van voorraad aangekoop | *Text* |
| Datum | Datum van die laaste bestelling | *?* |
| Hoeveelheid | Hoeveel items bestel is | *Number* |
| Krediet | Verskaf die firma krediet of nie | *?* |

7.11.1 Jy stel voor dat hy die Selfoon nommer veld die *primêre sleutel* maak en nie die naam van die firma nie.

Verduidelik vir hom wat 'n *primêre sleutel* is en waarom die naam van die firma nie geskik is vir die *primêre sleutel* nie. (2)

7.11.2 Verduidelik aan hom waarom die data tipe van die selfoon nr. veld nie *number* kan wees nie maar *text* moet wees en wat sal gebeur indien hy dit nie na *text* sou verander nie. (2)

7.11.3 Mnr. Smith het die datatipe van die Krediet en die Datum velde uitgelaat. Kopieer die volgende tabel in jou antwoordeboek en vul die datatipe langs elke veldnaam in.

| VELDNAAM | DATATIPE |
|---|---|
| Krediet | |
| Datum | |

(2)

7.12 Mnr. Smith is nog steeds nie seker wat die verskil tussen 'n *filter* en 'n *query* in Access is nie.

Verduidelik die verskil deur TWEE gevalle te noem waar dit beter sou wees van om van 'n *query* gebruik te maak. (2)

7.13 Mnr. Smith se seun wou net een bladsy van die inligting oor reptiele wat hy op 'n webtuiste gevind het druk. Hy het die *print* ikoon geklik en al tien bladsye is gedruk.

Verduidelik aan hom wat hy volgende keer moet doen om slegs die bladsy wat hy van die Internet benodig, te druk. (2)

**[24]**

**TOTAAL AFDELING B: 130**

**GROOTTOTAAL: 150**